


## Inleiding

**Heilige Gees**
DIE HELPER

Titels word aan mense gegee na aanleiding van wat hulle gewoonlik doen. Wat doen jy? Ek is 'n tandarts of 'n motorwerktuigkundige of 'n boer, maar is dit wie jy is? Nee ek het ook 'n naam, voorkeure en afkeure, sterkpunte en swakpunte.

Ons word dikwels aan ons beroep, familie of vriendekring gekoppel. Familiename was op 'n stadium hoog mode, die familienaam moes "voortleef". So is kinders dikwels met trots voorgestel as Johannes Jakobus Lodewikus Gerhardus van der Merwe, hy dra die stamnaam, of is vernoem na oupa so en so. Name kan ook iets beteken. Soos regverdig, in Moses se geval: "uit die water gehaal" dit kan ook fantasties of beeldskoon beteken. Daarom sien ons dikwels mense met name soos "Beauty" of "Marius".

Wat beteken jou naam? Weet jy? Pas jou naam by jou?

Jesus Christus stel ons voor aan die Heilige Gees en Hy het 'n besondere NAAM vir Hom! Die Heilige Gees is die Derde Persoon in die Goddelike Drie-eenheid. God stel Jesus aan ons voor, wat Verlosser beteken, Sy ander Naam is Emmanuel (God met ons). Nou kom Jesus op 'n punt waar Hy moet weggaan en die dissipels is erg ontsteld hieroor. Hulle verwag dan nou dat Jesus hul sou VERLOS, dis mos Sy NAAM! Hy moet kom doen waarvoor Hy hier is! Verlos ons van die Italianers! (Romeinse Ryk) Maar Sy Verlossing is eerder 'n ewige verlossing. Dit het die geleentheid geskep dat Jesus hul nou wou voorstel aan Iemand anders! Nie - "GOD MET ONS nie, maar GOD IN ONS! Die Heilige Gees.

Lees: Johannes 14 (Lees dit in die konteks om die agtergrond beter te verstaan.) Probeer dit doen voor die bespreking.

Jesus stel die Heilige Gees aan ons voor: Johannes 14: 16-19 (Lees ook Johannes 14:26 en Johannes 15:26 in die konteks van die Skrif)

**Johannes 14:16 tot 19** - ***"En Ek sal die Vader bid, en Hy sal julle 'n ander Trooster gee om by julle te bly tot in ewigheid: die Gees van die waarheid wat die wêreld nie kan ontvang nie, omdat dit Hom nie sien en Hom nie ken nie; maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees. Ek sal julle nie as wese agterlaat nie; Ek kom weer na julle toe. Nog 'n klein tydjie, en die wêreld sien My nie meer nie; maar julle sien My, omdat Ek lewe en julle sal lewe.***

*Johannes 14:26 "... maar die Trooster, die Heilige Gees, wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het." (AOV = Afrikaanse Ou Vertaling)*

**But the Helper, the Holy Spirit, whom the Father will send in My name, He will teach you all things, and bring to your remembrance all things that I said to you.**
**- John 14:26 (NKJV)**

Die woord wat hierin deur Johannes gebruik word in die oorspronklike is: "PAREKLETOS" Jesus stel Sy dissipels voor aan die parakleet - Die "Langsaan geroepene" dit is wat vertaal word as "Trooster." Parakletos is 'n samestelling van twee woorde naamlik: "Para" en "kaleo" wat beteken "langs of langsaan" en "roep" of "om te roep" as dit direk vertaal word.

Net soos ek en jy meer as net 'n naam of 'n titel is, is die Heilige Gees meer as slegs 'n Trooster, 'n Voorspraak, 'n "Comforter". Hy is dit ook! MAAR HY is GOD! HY is die derde Persoon van die Drie-Eenheid wat ons met vrymoedigheid LANGS ONS KAN INROEP vir enige situasie, enige probleem, enige omstandigheid, enige iets waaraan jy en ek kan dink!

**Die belangrikste is om HOM nie slegs "in te roep" as ons HOM nodig het nie, maar om in verhouding met Hom te leef, daagliks, want jy het Hom as kind van God ingeroep die dag toe jy wedergebore is! - HY is God IN jou!**

Daarom is die woord parakletos - "Die Een wie ek langs my inroep" Jesus se gunsteling Naam vir die Heilige Gees. Nog 'n definisie van die woord is: *The word parakletos is a verbal adjective, often used of one called to help in a court of law. In the Jewish tradition the word was transcribed with Hebrew letters and used for angels, prophets, and the just as advocates before God's court.*

***Die BESTE vertaling vir PARAKLEET is juis helper! Hy wie in jou is om jou te help!***

## Die Heilige Gees se taak

Die taak van die Heilige Gees word saamgevat in Johannes 16:7-11– Lees dit saam as groep en bespreek wat julle hier raaksien.

Hier is basies drie "take" - Voordat ons by die take kom, wys Johannes 16:7 ons daarop dat die weggaan van Jesus en die koms van die Heilige Gees tot die mensdom se voordeel is. Watter voordele kan julle aan dink? (Dink aan Jesus in Sy liggaamlike toestand versus die Heilige Gees na Pinkster)

Maar Ek sê julle die waarheid: Dit is vir julle voordelig dat Ek weggaan; want as Ek nie weggaan nie, sal die Trooster nie na julle kom nie; maar as Ek weggaan, sal Ek Hom na julle stuur;

1. **Oortuig die mensdom oor sonde**

    * Lees vers 9 - Watter sonde?
    * Die sonde dat mense Hom verwerp! (vers 9)
    * Ook persoonlike sonde wat ons nie mee wil breek nie.
    * Ons moet let op die woord oortuig i.p.v. veroordeel mense HY OORTUIG!
    * Waarvan moet jy oortuig word?

**... en as Hy kom, sal Hy die wêreld oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel**
**- Johannes 16:8**




**2. Oortuig die mensdom van Geregtigheid**

- Lees vers 10 - Watter Geregtigheid?
- Die Geregtigheid, dat Hy moet weggaan sodat die Heilige Gees kan...
- Die Geregtigheid dat God sonde moet straf.
- Die Geregtigheid dat daar 'n WEG gemaak is tot God. (Johannes 14:6 - "Ek is die weg ...")
- Die Geregtigheid dat ons die "WEG" moet stap en deel met ander!
- Het jy hierdie Geregtigheid al aanvaar?

**3. Oortuig die mensdom oor die oordeel**

- Lees vers 11 - Watter oordeel?
- Dat die owerste van die wêreld geoordeel is. (Lucifer)
- Dat daar ook oordeel wag op hulle wie Hom verwerp (:9) en nie Sy geregtigheid (:10) wil aanvaar nie.
- Hy sal oordeel, wie en wat Hy wil! Die oordeel kom ons nie toe nie! (Haal die balk uit jou oog!)
- Watter oordeel vel ons daagliks oor mense? Hoe kan ons met ander oë na die wêreld kyk?

## Die Simbool van die Heilige Gees

Die Gees van God is reeds betrokke van Genesis, die Gees van God het oor die waters gesweef. Hy is nie die nuwe "Gees" nie. In die Ou Testament was Hy net met tye vir spesifieke mense gegee vir spesiale take. Hy was met die volk in die wolk– en vuurkolom. Hy was met Moses op die berg, Hy was met Simson in sy laaste oomblikke ook. Hy was met Dawid in die geveg, Hy was met Jesus, het op Jesus neergedaal met Sy doop in die vorm van 'n duif. Hy was op Pinkster in die vorm van vuur in die bovertrek.

**Die simbool is nie die belangrikste nie, MAAR die IMPAK IS wel!**

- Watter impak het die Heilige Gees in jou lewe?
- Toe Moses met Hom ontmoet het, het Hy verander. (Hy het geblink van Sy teenwoordigheid)
- Toe die Dissipels Hom ontmoet het op Pinkster het hulle lewens radikaal verander vir altyd.
- Wat is die IMPAK van die Heilige Gees op jou? (Raak stil en dink daaroor)
- As jy sê niks of geen impak nie, maak seker jy het Hom ontmoet!

**Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaría en tot aan die**

# Heilige Gees

REEKS

## Heilige Gees blindheid - Lees: 2 Korintiërs 3:17, 18 - Is daar so iets?

Ja, ek glo mense kan hulself blind staar teen hul eie verlede, hul eie vooropgestelde idees, godsdiens, agtergrond, tradisies en blind wees vir die werking van die Gees in hulle! Die verwysing is na Moses wie met God te doen gehad het op die berg! Daar het hy en God tyd spandeer, 40 dae lank! Die impak van die Heilige Gees was nie net in Moses se gees nie, maar selfs liggaamlik DUIDELIK sigbaar in sy gelaat! Sy gesig het geblink! Soveel so dat die ander mense hom moes vra om 'n sluier oor sy gesig te gooi, want Moses het GEBLINK, hy het op "brights" geskyn vir God.

Soms kan ons so besig wees met ons eie godsdiens en rituele en tradisies en klein goedjies dat ons Heilige Gees blind is! Blind vir Sy oortuiging, Sy Geregtigheid en Sy oordeel oor sonde en dit wat ons oortuig van is. Daarom het Jesus so groot probleem gehad met die kerk van Sy tyd! Hulle was besig met wette en rituele en terwyl hul voor HOM staan misken hul Hom!

**Oplossing:** 2 Korintiërs 3:18 wys ons HOE! **Kan jy dit raaksien?**

Kom ek gee vir jou drie begrippe: AANSKOU, VERANDER en BEELD VAN HEERLIKHEID.

Dink nou weer hieroor en bespreek dit in jul groep. Hoe kan hierdie drie begrippe jou help?

1. **Aanskou God:** Aanskou Hom vir lang tye! Niemand anders nie! Dit het vir Moses gewerk. Spandeer tyd met HOM! (Psalm 119:18)
2. **Verander:** Soos Hy jou oortuig! Verander net as jy oortuig is dit kom van God! Mense wou my al baie verander na hulle idee i.p.v. God se idee vir my! ( Romeine 12:1,2)
3. **Beeld van Heerlikheid:** Dit is SY beeld! Ek word soos 'n afbeelding van Hom. Mense sien Christusgelyke eienskappe in my raak, tot Sy eer. (1 Korintiërs 11:1 en Kolossense 3:10)

Die Heilige Gees is jou HELPER, HY wil jou help in alle omstandighede, Jesus stel Hom aan jou voor as die "Een wat jy langsaan jou kan inroep" - jou permanente INWONENDE God!

**Open my oë Heer! Open my oë vir die Woord, die Gees en U teenwoordigheid.**

Raak betrokke in 'n verhouding met JOU Helper.

Groete, Marius.

**En terwyl ons almal met onbedekte gesig soos in 'n spieël die heerlikheid van die Here aanskou, word ons van gedaante verander na dieselfde beeld, van heerlikheid tot heerlikheid, as deur die Here wat die Gees is. - 2 Korintiërs 3:18**